

# WORD 'N VRIEND/LID VAN GSDP

## GSDP SKOOLVERENIGING: LIDMAATSKAP

Geagte Meneer / Mevrou / Mejuffrou,

Ons neem die vrymoedigheid om hierdie brief aan u te rig.

U is heel moontlik goed bekend met die Gereformeerde Skool Dirk Postma (GSDP) – 'n skool in die Moot wat vir meer as 35 jaar poog om verbondskinders op te voed en te vorm volgens die Woord van die Here – in lyn met die gereformeerde leer.

Ons streef daarna om uitnemende akademiese onderrig te bied, terwyl ons kinders ook gebalanseerd toerus met die nodige sport- en kultuurvaardighede.

Om dit egter bekostigbaar te bly aanbied binne die huidige ekonomiese uitdagings van ons tyd word elke jaar moeiliker.

Die drastiese subsidie-vermindering deur die Departement van Onderwys vir onafhanklike skole oor die afgelope drie jaar (R2,8 m. in 2023, R1,1 m. in 2024 en slegs 'n geskatte R570 k. vir 2025) het 'n enorme impak op ons skool se finansiële welstand.

As een van verskillende maniere om die jaarlikse skoolgelde so laag as moontlik te hou en die skool finansieel volhoubaar te maak, doen ons 'n beroep op die gereformeerde gemeenskap in Pretoria om asseblief 'Lidmaatskap' of 'Vriendskap' van GSDP te oorweeg.

**Ons rig hierdie spesiale uitnodiging aan verskillende groepe:**

1. **Jong volwassenes (Alumni)** wat vroeër leerders aan GSDP was. Julle is nou werkende jongmense wat die wonderlike voorreg van bekostigbare gereformeerde onderwys gesmaak het en wat nou die beroepswêreld betree het. Deur middel van 'n klein maandelikse bedrag kan jy help om die voortbestaan van soortgelyke onderwys te verseker.

2. **Jong getroude paartjies** in ons gemeenskap met klein kinders wat eersdaags skool / kleuterskool toe moet gaan. Deur nou 'n klein maandelikse bydrae te maak en so deel te word van 'n groter GSDP vereniging, kan julle toekomstige skoolgelde vir julle kinders meer bekostigbaar maak wanneer hulle eendag GSDP sal bywoon.

3. **Ouer mense / egpare** wie se kinders op 'n stadium by GSDP was en wat dalk nou (of in die toekoms) kleinkinders op GSDP het of sal hê. U waardevolle bydrae sal verseker dat ons kan voortgaan om ons jong generasie in die vrese van die Here te kan opvoed en so ons doopbelofte gestand na te kom.

4. **Enige ander skenker** wat bereid is om ons finansieel te help in ons missie om die kinders aan ons toevertrou, deur middel van kwaliteit bekostigbare gereformeerde onderwys, volkome toe te rus vir elke goeie werk (1 Tim 3:16 en 17).

5. **Enige skenker** wat in die **buiteland** woonagtig is en wat op 'n stadium by GSDP was, of wie se familie tans in GSDP is en wil help om hierdie die skoolgelde vir hierdie familielid se kinders meer bekostigbaar te maak.




'n **Lid** is 'n persoon (of ouerpaar) wat kinders by GSDP het en ‘n belydende lidmaat is van die Gereformeerde - of Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en hul maandelikse skoolgeld sluit lidmaatskap en stemreg in.

'n Persoon kan ook **lid** wees indien hy/sy nie meer kinders by GSDP het nie, maar steeds ‘n minimum maandelikse finansiële bydrae maak en lidmaat is van een van die bogenoemde kerkverbande.

'n **Vriend** is 'n persoon (of ouerpaar) wat kinders by GSDP het, maar nie lidmaat is van een van die genoemde kerkverbande nie, of enige persoon wat maandeliks of jaarliks 'n bedrag geld aan GSDP skenk. Vriende word gereeld op hoogte gehou van skoolsake, is welkom om vergaderings by te woon, en kan insette lewer, maar het ongelukkig geen stemreg nie en kan nie op die bestuur dien nie.

Ons doen dus 'n dringende beroep op u om asseblief as Lid of Vriend van die skoolvereniging aan te sluit. U betrokkenheid is van onskatbare waarde om die toekoms van ons skool en die opvoeding van ons kinders te verseker.

By voorbaat dank,

Vriendelike groete

____________________

Mnr Gerrit van Dyk
GSDP-BESTUUR: FINANSIES




Geagte GSDP-Bestuur

**GSDP SKOOLVERENIGING - LIDMAATSKAP**

Naam en van: ______________________________________________

Adres: _____________________________________________________

___________________________________________________________

Gemeente: _________________________________________________

Selfoonnommer: ____________________________________________

E-posadres: ________________________________________________

Ek wil graag as volg by die GSDP Skoolvereniging betrokke wees:

As LID en onderneem om die volgende bedrag per maand aan GSDP oor te dra.

R200.00 R400.00 R600.00 R_________(Minimum) (Eie Bedrag)

As VRIEND en onderneem om R ________________ per maand / jaar aan GSDP oor te dra.

As SKENKER en onderneem om R ________________ per maand / jaar aan GSDP oor te dra.

Doel van skenking: ______________________________________

GEREFORMEERDE
SKOOLVERENIGING
**DIRK POSTMA**

Wees sterk en vol moed

**STRATCOL GEBRUIKER NO: 8562**
**STRATCOL GEBRUIKERNAAM: Gereformeerde Skoolvereniging Dirk Postma**
**STRATCOL BANKSTAATVERWYSING: GEREFDIRKP**
**(Die Verwysing staan bekend as "Abbreviated Name" in die debietorderindustrie)**
**STRATCOL GEBRUIKER - FISIESE ADRES:**
**Cunninghamlaan 1182**
**Waverley**
**0186**

## DEBIETORDERMAGTIGING

### BESONDERHEDE VAN REKENINGHOUER:

ID-Nommer : ____________________ Naam & Van: ___________________________________

Adres: ____________________________________________________________________Kode__________

Kontakbesonderhede: ________________________ (Huis) ________________________ (Sel) _____________________ (Werk)

Rekeninghouer: _____________________________________________ Bank: ________________________________________

Takkode: __________________________Rekeningnommer: ______________________________________________________

Rekeningtipe: [ TJEK ] [ SPAAR ] [ TRANSMISSIE ] [ ANDER ] Besonderhede, indien ANDER: __________________________

### KOLLEKSIE-INSTRUKSIE:

Interval: [ ] [ Maandeliks ] [ ] [ ] [ ] [ ] [ ]

* **Herhaalde aftrekking:** **Herhaal die aftrekking onbepaald tot gekanselleer deur die kliënt?** **JA** ☐ **NEE** ☐

1ste kolleksiedatum: dd____ /mm _____ / 20_____ R ____________. ______ (Bedrag)

Dag van kolleksie daarna: __________ (1 - 31)

Ek / ons, die kliënt of behoorlike gemagtigde verteenwoordiger, gee hiermee goedkeuring aan StratCol om d.m.v. 'n elektroniese debietorder van die bogenoemde rekening te vorder en om genoemde gelde oor te betaal aan die Stratcol-gebruiker, soos bo genoem.

(Ek / ons bevestig dat ek / ons die gemagtigde persone is vir die teken en magtiging van hierdie debietorder, met handtekeningmagtigings soos by my/ ons bank geregistreer.

HANDTEKENING (1):________________________HANDTEKENING (2):________________________ DATUM: __________

+27 (0)12 332 3222 | gsdp@gsdp.co.za | www.gsdp.co.za
Adres Cunninghamlaan 1182, Waverley, 0186
NPO 026-603 | EMIS 220137 | Umalusi 16 SCH01 00125

**OOREENKOMS**

Ek / ons gee hiermee toestemming aan STRATCOL om betalingsinstruksies uit te reik aan my /ons bankier vir die kolleksie teen my /ons bogemelde bankrekening by my /ons bank.

Die individuele betalingsinstruksies, soos gemagtig, moet uitgereik en afgelewer word volgens bogenoemde interval en op die datum wanneer die verpligting in terme van die ooreenkoms verskuldig is. Die bedrag van elke individuele instruksie kan nie verskil van dit wat hierin vervat word nie.

Die betalingsinstruksies, soos gemagtig, moet uitgereik word met 'n verwysingsnommer, welke verwysing in die betalingsinstruksie ingesluit moet word om my / ons in staat stel om dienooreenkomstig die debiet op my / ons bankstaat te identifiseer. Die genoemde nommer moet aan hierdie vorm bygevoeg word, soos onder bladsy 1 aangedui is by die kliënt se verwysingsnommer en moet voor die uitreiking van enige betalingsopdrag en aan my / ons gestuur word, direk nadat dit deur my / ons voltooi is.

Ek / ons stem saam dat die eerste betalingsopdrag uitgereik en afgelewer sal word, soos per kolleksie-instruksie.

As die datum van die betalingsinstruksie egter op 'n nie-erkende bankdag (naweek of openbare vakansiedag) val, stem ek / ons in dat die betalingsinstruksie teen my / ons rekening op die volgende of die vorige werkdag ingestel kan word.

**MANDAAT:**

Ek / ons erken dat alle betalingsinstruksies uitgereik deur die STRATCOL-gebruiker, deur my / ons bogenoemde bank hanteer sal word, asof die instruksies persoonlik deur my / ons uitgereik is.

**KANSELLASIE:**

Ek / ons stem in dat hoewel hierdie gesag en mandaat deur my / ons gekanselleer mag word, sodanige kansellasie nie die ooreenkoms sal kanselleer nie. Ek / ons verstaan ook dat ek / ons nie bedrae, wat uit my / ons rekening (betaal) onttrek is, in terme van hierdie instruksie mag herroep indien sodanige bedrae wettiglik verskuldig was aan die STRATCOL-gebruiker nie.

**OORDRAG:**

Ek / ons erken dat hierdie gesag gesedeer kan word aan 'n derdeparty indien die ooreenkoms ook gesedeer word aan daardie derdeparty.

GETEKEN TE ______________________________ OP HIERDIE ________ DAG VAN __________________ 20_____.

HANDTEKENING(E) SOOS BY BANK GEREGISTREER

___________________________________ ______________________________________